**Skriflesing:** Matteus 1:21; 2:16 – 20
**Tema:** Die verandering wat die Christusfees bring.

Wanneer huil 'n mens?
Trane vloei wanneer een of ander gebeurtenis jou hartsnare roer, soos wanneer ons "Stillenag" sing.
Jy huil as jy hartseer is of verlang.
Maar die trane loop ook wanneer jy regtig baie bly en diep dankbaar is soos byvoorbeeld met die heerlike reën wat groot dele van die land nou kry.

Kersfees is so 'n tyd van trane... trane van blydskap, vreugde en dankbaarheid, maar ook trane van bitter hartseer en alleen wees veral vir diegene wat 'n eerste Kersfees sonder 'n geliefde moet deurbring. Hierdie jaar is daar baie sulke mense, geliefdes is oorlede of is bang om weens die inperking te kom kuier.

Die beeld van Kersfees is oor die eeue al hoe meer verromantiseer. Ons teken sulke mooi prentjies en ons sing nog mooier liedjies van feesvreugde en vrede en blydskap... en dit is nie verkeerd nie.
Die heel eerste Kersfees was egter nie so mooi nie. Die eerste prentjie van Kersfees wys 'n harde werklikheid in 'n harde wêreld. Hoe die Seun van God in hierdie wêreld inkom in 'n primitiewe stal met 'n voerkrip en lappe waarin die kindjie toegedraai is. En dan was daar nog boonop die man wat alles, en in besonder die kind van Kersfees, wou doodmaak. Sy naam was Koning Herodus. Hy het in die tyd van Jesus se geboorte al die seuntjies jonger as twee jaar in die omgewing van Betlehem laat doodmaak!
Stel jouself voor watter verskrikking, trauma en hartseer daardie ouers, gesinne en families moes deurmaak op hul eerste Kersfees. Al hulle kersdae daarna was vol trane.

Waarom is die kindermoord in die Bybel opgeteken?
Dit wil ons in die eerste plek herinner aan die sondigheid van die wêreld.

1. **Die sondigheid van die wêreld.**

Skrikwekkende, gewetenlose en barbaarse wreedheid is in Herodes se sondige hart gebore. Hy was op hierdie stadium vir meer as 40 jaar aan bewind. Soos alle diktators was hy net aan een mens lojaal en dit was aan hom homself. Hy het styf aan die mag vasgeklou en het almal wat in sy pad kom, laat doodmaak. Dit het sy swaer en sy skoonma ingesluit. Toe hy 44 jaar oud was, het hy ook sy vrou doodgemaak omdat hy gemeen het sy is 'n bedreiging vir sy posisie. Hy het darem nog 9 ander vroue oorgehad.
Hy het 3 van sy seuns vermoor. Sy karakter word dalk die beste beskryf deur 'n insident in die jaar 7 voor Christus. Toe hy hoor dat sy twee seuns saamgesweer het om hom te onttroon, het hy beveel dat hulle doodgemaak moet word en meer spesifiek gee hy die opdrag dat hulle verwurg moet word.
Keiser Augustus het gesê dat hy eerder Herodus se vark as sy seun sou wou wees.

Herodus was 'n man hulpeloos vasgevang in die duister van sonde. So was ek en jy ook. Ons toestand was iets om oor te huil. Iets moes verander, maar hoe? Die volgende verhaal illustreer ons probleem baie mooi.

Adolph Eichman was tydens die tweede wêreldoorlog een van die meesterbreine agter die sogenaamde "holocaust" wat gelei het tot die dood van meer as 6 miljoen Jode.
Kort na die oorlog is Eichman, wat ontvlug het, in sy afwesigheid verhoor. Tydens hierdie aanvanklike verhoor het 'n Jood met die naam Yehiel Dinur, wat hierdie massamoord oorleef het, teen Eichman getuig.
Jare later, in 1961, is Eichman in Argentinië gevang.
Hy is toe weer verhoor en Dinur het weer getuig. Toe hy vir Eichman in die hofsaal sien, het hy flou geword. Was hy bang? Was dit haat? Of was dit die trauma, die slegte herinneringe wat hom oorweldig het?

Tydens 'n TV onderhoud daarna is aan hom die vraag gevra. Hy verduidelik toe dat hy tydens die oorlog 'n doodse vrees vir Eichman gehad het omdat hy hom as iemand fundamenteel anders as hyself gesien het. Maar jare later daar in 1961 in die hofsaal het Dinur vir Eichman gesien net vir die mens wat hy was. *"Gestroop van sy beeld van mag, was Eichman maar net 'n gewone mens"* het Dinur gesê. En toe het ek meteens besef: "Ek is presies soos hy..." En dit het Dinur laat flou word.
Die opskrif by 'n rubriekskrywer se artikel hieroor spreek boekdele: "Eichman is in elkeen van ons."

Die waarheid is: Die sonde woon in elke mens - in jou en my ook. En daarom huil ons. Oor ons sonde wat pyn en dood in hierdie wêreld veroorsaak. Iets moes verander, maar hoe?

Die verhaal van die kindermoord het gelukkig iets meer sê as om ons net te herinner aan die sondigheid van die wêreld.

**2. God het in hierdie chaos nie beheer verloor nie.**

Ons lees in Matt 2:17-18 dat die gekerm, gehuil en gejammer, om nie getroos te wil word nie 'n vervulling was van 'n woord wat die Here al deur profeet Jeremia gesê het.
Deur alles is God aan die werk, Hy word nie omkant gevang nie. "History" is inderdaad "His story."
Herodes het alles in sy vermoë gedoen om Jesus dood te maak. Duisternis het die grootste poging aangewend om die lig uit te doof, maar was onsuksesvol.
Ons weet doodgewoon nie waarom die bose soveel beweegruimte gegee is om 'n klomp babaseuntjies dood te maak nie. Ons kan hieroor redeneer en filosofeer, maar hier is geen logiese en maklike antwoorde nie. Daar is weinig troos vir die ouers en families van hierdie kindertjies.

Is dit dan nie onregverdig dat Jesus ontkom nie? Hy ontkom nie, Hy kom verander. Sy lyding het reeds by sy geboorte begin. Hy word nie van die dood gered nie. Hy word vir die dood gered. 33 jaar later sterf Hy as man aan 'n kruis op Golgota. Hy sterf as offer van sy vyande, maar ook as offer vir sy vyande. Hy sterf om ons almal te verlos van sonde en dood.

**3. God se kersgeskenk vir elkeen van ons, verander die wêreld.**

Toe die engel aan Josef verskyn om die Here Jesus se geboorte aan te kondig, het hy gesê:
"... jy moet Hom Jesus noem, want dit **is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.**
(Matt 1:21)

Jesus beteken: “die Here is redding of verlossing.” Iets moes verander en Hy het gekom om dit te verander.

Dit is waaroor Kersfees gaan. Kersfees gaan oor die verlossing van ons wat in die duisternis van sonde vasgevang was. Jesus het gekom na ons morsige wêreld. Hy het gekom vir almal, vir sy familie en vriende en vir sterrekykers en herders. Hy gekom vir Herodes en Adolf Eichman, vir die seuntjies wat vermoor is en ‘n wêreld vol sirens wat loei. Hy het gekom vir elkeen wat hartseer is en wat alleen gaan Kersfees hou. Hy het gekom met baie trane en lyding en seer en Hy het in ons plek kom sterf sodat ons kan leef!

Kersfees is ‘n tyd vir trane van hartseer. Hartseer oor die Seun van God wat in ‘n primitiewe stal gebore is. Hy is in doeke toegedraai en in ‘n krip neergelê. Hy was nooit welkom nie. Die wêreld in sonde vasgevang wou Hom nie hê nie en wil Hom steeds nie hê nie.
Ons is ook hartseer oor ons eie sonde en die seer en dood wat dit vandag nog veroorsaak.

Maar kersfees is ook ‘n tyd van trane van dankbaarheid en vreugde. God het alles verander.
Hy stuur sy Seun Jesus Christus na die duisternis van hierdie wêreld. Hy sterf aan ‘n kruis en staan op om ons van ons sonde te verlos. Hy lewe sodat ons kan lewe – verewig kan lewe.
Jesus Christus is ons oorwinnaar Koning en saam met Hom is ons meer as oorwinnaars oor sonde en dood – daar is geen groter en beter verandering as dit nie!
Amen